

# Veilige hawe

Kry gemoedsrus met wêreldgehalte-sekuriteit wat perfek by jou en jou gesin se behoeftes pas

DIT hoef nie stresvol te wees om jou huis en gesin veilig te hou nie.

Cashbuild het 'n verskeidenheid sekuriteitsprodukte wat maklik is om te installeer en dit vir jou veel makliker maak om jou huis en gesin te beveilig.

Cashbuild voorsien in die meeste van jou veiligheidsbehoeftes, van stewige veiligheidshekke en sterk hangslotte tot sensor-, kol- en spreiligte.

## SLOTTE

Sterk slotte van goeie gehalte is 'n baie waardevolle veiligheidsmaatreël. Hangslotte is ideaal vir veiligheidshekke en 'n 60 mm-geelkoperhangslot kan gebruik word om waardevolle persoonlike items te bewaar.

Met die versekeringshangslot kan jy ook jou onderneming beveilig. Dié reghoekige hoësekeriteithangslot van soliede geelkoper met omhulde sluitpunte sal beslis misdadigers weghou.

## VEILIGHEIDSHEKKE

Abrakon-veiligheidshekke is 'n uitstekende afskrikmiddel vir misdadigers en 'n goeie veiligheidsmaatreël.

Elke hek word vir twee jaar gewaarborg en voldoen aan die hoogste gehaltestandaarde. As jy bedrewe met 'n elektriese boor is, is dit betreklik maklik om die veiligheidshekke self aan te bring.

Omvattende aanwysings en alles wat jy vir installering nodig het, onder meer skarniere, klinknaels en 'n slotplaat, word saam met elke hek verskaf.

## BELIGTING

Bewegingsensors en kol- en spreiligte buite is goeie afskrikmiddels vir misdadigers.

Met Cashbuild se bewegingsensorsveiligheidsbeligtingreeks kan jy selfs moonlike inbrekers flous en hulle laat dink iemand is tuis. Sensorligte skakel aan sodra daar beweging naby is, al is jy nie tuis nie.

Daar word sterk aanbeveel dat jy ook buitesensors afsonderlik installeer en dit aan ligte in 'n vertrek in jou huis koppel om



die indruk te skep dat daar iemand in die huis is.

By Cashbuild sal jy ook 'n wye reeks ligte en toebehore vir maklike muurmontering kry:

● **Daglig-tydskakelaars** Plaas hulle in 'n skaduryke hoekie in jou tuin en die ingeboude ligsensor sal saans outomaties aanskakel en bedags weer afskakel.

● **Halogeen-sekerheidspreiligte** Hulle bied doeltreffende beligting vir paadjies, tuine en opritte.

● **Lantern-passtukke** Gebruik hulle teen buiteware soos by jou voordeur, stoepdeure en oprit vir 'n tikkie styl en om ingan-

ge te belig.

● **PAR 38-dubbel-kolligte** Hulle is vooraf bedraad en aanmeekaargesit vir maklike installering.

● Praat met 'n Cashbuild-konsultant in die winkel vir nog inligting oor die beste oplossing vir jou. Cashbuild-winkels is gerieflik oral in Suider-Afrika geleë.

Besoek jou plaaslike winkel vir gehalte-boumateriaal, gereedskap, verf en ysterware teen die laagste pryse. Of bel 0861 CASHBUILD (227 428 453) vir nog inligting of om uit te vind waar jou naaste handelaar is. ■



Halogeen-sekerheidspreiligte




Lantern-passtukke



Bronsslot



PAR 38-Dubbel-kollig



Veiligheidshekke

